



AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 10

VRAESTEL 1

LEESBEGRIP, OPSOMMING, TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

NOVEMBER 2018

PUNTE: 70

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

Afdeling A: Leesbegrip	(30)
Afdeling B: Opsomming	(10)
Afdeling C: Taalstrukture en –konvensies	(30)
2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Begin **ELKE** afdeling op 'n **NUWE** bladsy.
4. Trek 'n lyn na elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Voorgestelde tydsindeling:

Afdeling A: 50 minute
Afdeling B: 30 minute
Afdeling C: 40 minute

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

MARATHON-MAN

- 1 In die eerste ronde: 4 uur en veertien minute om 'n vyfsteller teen Ryan Harrison te wen.
- 2 In die tweede ronde: minder as twee ure om 'n skoonstelsege oor 'n lustelose Jeremy Chardy te behaal.
- 3 In die derde ronde: nóg 'n vyfstel-marathon van 3 uur en 43 minute is nodig om die Kanadees Denis Shapovalov uiteindelik te bêre.
- 4 Suid-Afrika se Kevin Anderson het aansienlik meer grondpad in die eerste week van die Amerikaanse Ope teëgekom as wat hy vooraf sou verwag het – en dit gaan van hier af nie makliker raak nie.
- 5 Op die lap grond waar hy twaalf maande gelede die eerste Grand Slam-eindstryd van sy loopbaan bereik het, het Anderson binne net drie rondes reeds 131 potte gespeel en reeds 594 minute (byna 10 uur) op die baan deurgebring.
- 6 Nou ja, dit is so dat die 32-jarige hemelbesem meer as 20 ure by Wimbledon ingeklok het in sy opmars na die eindstryd. Dit is so dat hy een van die heel fiksste spelers in wêreldtennis is. Die kans is skraal dat hy nou reeds lam en tam is.
- 7 Anderson se ondersteuners moet eerder bekommerd wees oor die onbestendigheid van sy algemene spel en sy onvermoë om spelers vroeg die doodskoot te gee. Net vier van sy laaste 11 seges is in skoon stelle bewerkstellig – en teen die soort spelers wat nou by Flushing Meadows op hom wag, kan sy gewoonte om die deur vir teenstanders oop te laat hom baie duur te staan kom.



- 8 Die Suid-Afrikaner sal vandag in die vierde ronde speel teen die Oostenryker Dominic Thiem – 'n jong man wat in Mei 2016 laas buite die top-10 op die wêreldranglys was.
- 9 Hy is wel aansienlik meer bedrewe op klei as op enige ander oppervlak. Geoordeel aan sy statistiek lyk dit nie of hy Anderson sal klop op die harde bane van Flushing Meadows nie, aangesien hy net een van hul vorige sewe kragmetings op dié oppervlak kon wen.
- 10 Maar statistieke sal vandag dadels beteken, soos Anderson ook besef. “Ek sal hard moet werk,” het hy volgens Reuters gesê. “My fokus gaan op niks anders kan wees nie as om aan te hou doen wat ek doen.” Een ding wat hy egter nie moet aanhou doen nie, is vou op sy tweede afslaan. Dit is welbekend dat Anderson een van die beste eerste afslane ter wêreld het. Maar op sy tweede afslaan bly hy kwesbaar.

<p>11 Thiem sal met sakke vol motivering op die baan stap. Nie net het hy die kans om 'n reus neer te vel nie (want, ja, dit is Anderson nou in wêreldtennis), maar die 24-jarige hoop om vir die eerste keer nog tot die vierde ronde van die Amerikaanse Ope deur te dring</p> <p>12 Vir Anderson is hy wel versigtig. "Hy is een van die beste spelers op toer in dié stadium. Van die groot afslaners is hy die beste in die agterbaan, en hy slaan die beste terughoue," het Thiem volgens die Ope se amptelike webblad gesê. "Jy is basies die heelyd onder druk. Daar is 'n rede waarom hy nou vyfde in die wêreld is."</p> <p>13 Aan die vrouekant was die grootste nuus Vrydag die groot gemak waarmee Serena Williams haar ousus, Venus, in die derde ronde voor haar weggevee het. Serena, wat haar visier op 'n 24ste Grand Slam-triomf het, het binne net 72 minute met 6-1, 6-2 geseëvier.</p>	<p>14 'n Wedywering wat oor dekades soveel drama opgelewer het, is duidelik nou op sy laaste bene. Die 37-jarige Venus het pap en ongemotiveerd gelyk terwyl sy haar deur Serena laat stoomroller het.</p> <p>15 Die enigste werklike drama in dié wedstryd was in die tweede pot, toe Serena haar enkel geswik het en die skare na hul asem laat snak het. Sy het kort daarna gevra vir mediese aandag en haar enkel swaar laat verbind.</p> <p style="text-align: right;">Bron: <i>Rapport</i>, September 2018</p>
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

- 1.1 Verduidelik die denotatiewe betekenis in die titel binne die konteks van die leesstuk. (2)
- 1.2 Verduidelik die woordkeuse vyfsteller in paragraaf 1. Gee jou antwoord in EEN sin. (1)
- 1.3 Wat is 'n skoonstelsege? (paragraaf 1) (1)
- 1.4 Verklaar die betekenis van die woorde "uiteindelik te bête" in paragraaf 3. Antwoord in EEN sin. (2)
- 1.5 Kevin Anderson het "aansienlik meer grondpad" in die Amerikaanse Ope teëgekome. Sê in jou eie woorde in een sin wat Anderson hier beleef. (2)
- 1.6 Sou jy sê die inhoud van paragraaf 5 sluit aan by die titel van die leesstuk? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.7 Anderson is volgens paragraaf 6 'n hemelbesem; hy is dus 'n (lang) man – Gee die intensiewe vorm van die woord in hakies. (1)

- 1.8 Hoe dink jy is 'n speler wat lam en tam is? (paragraaf 6).
Antwoord in Een woord. (1)
- 1.9 “Anderson se ondersteuners moet eerder bekommerd wees oor die onbestendigheid van sy algemene spel ...” (paragraaf 7). Spreek jou in twee sinne uit oor die betekenis van die woord onbestendigheid in hierdie aangehaalde gedeelte. (2)
- 1.10 Is die onderstreepte frase in paragraaf 7 'n feit of 'n mening? Motiveer. (2)
- 1.11 1.11.1 Verduidelik wat die geïmpliseerde betekenis is van Anderson se gewoonte om die deur vir sy teenstanders te laat oopstaan. (paragraaf 7) (1)
- 1.11.2 Gebruik die frase “duur te staan kom” (paragraaf 7) in 'n nuwe, verhelderende sin. (1)
- 1.12 “Statistiek sal vandag dadels beteken” – paragraaf 10. Wat beteken hierdie uitdrukking? (1)
- 1.13 Dit is welbekend dat Anderson “een van die beste eerste afslane ter wêreld het.” Wat is sy achilleshiel dan? (1)
- 1.14 Thiem het 'n kans “om 'n reus neer te vel” (paragraaf 11). Verduidelik. (1)
- 1.15 Gebruik nou die homofoon van vel in 'n gepaste sin. (1)
- 1.16 Serena Williams het haar oog op nog 'n oorwinning. Oor wie het sy binne net 72 minute geseëvier? (1)
- 1.17 Na watter eienskap in Serena Williams, dink jy, word verwys as sy haar opponent stoomroller? Noem twee. (2)
- 1.18 1.18.1 Die wedywering tussen die Williams-susters kom oor dekades. Hoe lank is 'n dekade? (1)
- 1.18.2 Hierdie wedywering is moontlik nou op sy laaste bene. Verduidelik die onderstreepte frase. (3)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

- 1 Die Engelse Rugbyunie het agter die skerms met John Mitchell, die Bulle se hoof van rugby, begin onderhandel om by die Engelse afrigtingspan aan te sluit. Dit laat die Bulle met 'n erge dilemma. Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE** gedagtes wat 'n moontlike oplossing vir die Bulle se probleem kan bied.
- 2 Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- 3 Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- 4 Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

LOFTUS: RASSIE WIL RED
Erasmus bied hulp aan

Rassie Erasmus, die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (Saru) se direkteur van rugby, kan in 'n verrassende wending by Loftus Versfeld die leisels neem, sou John Mitchell wel eersdaags sy tasse vir Engeland pak.

Mitchell, die Bulle se hoof van rugby, is nog nie vort Engeland toe nie, maar die Bulle het agter die skerms reeds 'n plan om toe te sien dat die span se voorbereiding vir 2019 se Superreeks nie op 'n krisis uitloop nie.

Daar word op goeie gesag verneem Erasmus, ook die Springbokke se hoofafrigter én Saru se direkteur van afrigting, het die Bulle onlangs genader en sy hulp aangebied.

Daar word verneem dat Erasmus se aanbod "baie goed ontvang is" onder die besluitnemers by Loftus.

Die voorstel is glo dat Erasmus reeds ná die Bokke se jaareindtoer by die Bulle aansluit. Erasmus kan glo tydelik die Bulle se afrigter word, ongeag of die Blou Bulle Maatskappy (BBM) teen die einde van die jaar 'n opvolger vir Mitchell aangestel het.

'n Rolspeler na aan die proses sê dit sal tot die Bulle en Erasmus se voordeel wees. "Rassie hou daarvan om nou betrokke te wees, soos wat vanjaar die geval was by die (Superrugby)-franchises.

"Hy gaan by Loftus saam met talle Bokke soos Warrick Gelant, Jesse Kriel, Handré Pollard, Embrose Papier, Ivan van Zyl, Duane Vermeulen, Lood de Jager, RG Snyman en Marco van Staden kan werk.

“En die Bulle het die voordeel om Rassie se kundigheid vir ‘n ruk in spanverband in te span. Dis ‘n goeie aanbod, gegewe die onsekerheid wat daar tans by Loftus is.


Bron: *Beeld*, September 2018

TOTAAL AFDELING B: 10

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

MET ONS DRUK JY 'N DRIE TUSSEN DIE PALE



2 Koop kaartjies nóú! @Tshwane# 3 zando 14.
 3 Pretoria se grootste jol. Kom moedig die Bokke
 4 aan! Sien jou daar - van vroeg tot laat. Genoeg
 5 gesinsvermaak. Groot skerms beskikbaar.
 6 Bakkies-boerewors en ander lekkernye. Ex-
 7 Springboks! Met 'n bietjie hulp en ondersteuning
 8 kan die Bokke die Pumas 'n les leer. Bring die
 9 maatjies - ons gaan groot!

Bron: *Aangepas uit Beeld*, Augustus 2018

- 3.1 Dui 'n voorbeeld van nasalering en vokalisering in reël 1 aan. (1)
- 3.2 Bespreek die effektiewe gebruik van die aksenttekens op die onderstreepte woord in reël 2 al dan nie. (1)
- 3.3 Gee die korrekte Afrikaans vir die rekenaar- en internetterme soos aangedui in reël 2:
- 3.3.1 @ ("at") (½)
- 3.3.2 # (hash tag) (½)
- 3.4 Watter sinswyse is gebruik in reël 2 by die sin:
Koop kaartjies nou. (1)
- 3.5 Verskaf die afkorting vir en ander in reël 6. (1)
- 3.6 Van watter basis is die onderstreepte woord in reël 7 afgelei? (1)
- 3.7 Wat sou die Afrikaans wees vir "ex-Springboks" in reël 6 en 7? (1)
- 3.8 Skryf onderstaande sin oor in die lydende vorm:
Met 'n bietjie hulp en ondersteuning kan die Bokke die Pumas 'n les leer (reël 7 en 8). (1)
- 3.9 Dui 'n diftong in reël 9 aan. Onderstreep die diftong. (1)
- 3.10 Wie is die teikenmark vir hierdie advertensie? (1)

TOTAAL: 10

VRAAG 4: STROKIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




Uit: *Rapport*, Julie 2004

- 4.1 Skryf 'n antoniem vir teleurstelling in raampie 1 neer. (1)
- 4.2 Wat is die doel van die ellips in raampie 1? (1)
- 4.3 Skryf die sin in raampie 1 in die toekomstige tyd oor. Begin jou sin met:
Oor twee dae ... (1)
- 4.4 Skryf 'n voorbeeld van 'n wederkerende voornaamwoord in raampie 2 neer. (1)
- 4.5 Verskaf die korrekte vorm van die woord tussen hakies; skryf slegs die woord neer:
Dit was nou 'n klein (teleurstelling) gewees. (1)
- 4.6 Die woord "was" in raampie 1 kan ook 'n ander betekenis hê. Maak 'n verhelderende sin met die woord om die verskil in betekenis aan te dui. (1)
- 4.7 Vorm 'n intensiewe vorm met behulp van die woord "was". (1)
- 4.8 Verbind die twee sinne in raampie 2 met die woord "dus". (1)
- 4.9 Waarom word die woorde EK en WEER in raampie 3 in hoofletters getik? (1)
- 4.10 In raampie 2 is 'n woord waarvan die betekenis kan verander as dit oorrond word. Maak 'n sin met die oorrondde uitspraak om te bewys die betekenis verskil. (1)

TOTAAL: 10

VRAAG 5: ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:



Dis Julia teen Anika
Wilhelm de Swardt

1 PRETORIA – Julia du Plessis mag net 15 jaar oud wees maar wanneer dit by hoogspring kom, het sy 'n ou kop op haar lyf.

Die Graad 10-leerder van Hoërskool Monument het dit vroeër die seisoen bewys toe sy op 1,88 m oor die dwarslat geseil het. In Suid-Afrikaanse

5 atletiek kon nog net agt vroue-atlete op 'n hoër hoogte slaag.

Du Plessis word eers oor drie weke 16 jaar oud. Verlede jaar was haar beste hoogte 1,85 m. Daar is diegene wat al klaar na Du Plessis verwys as die volgende Hestrie Cloete of Charmaine Gale. Hulle is die enigste atlete wat toe hulle so oud soos sy was op hoër hoogtes geslaag het.

10 “Ek hoor mense praat en daar word allerlei vergelykings getref, maar ek steur my nie daaraan nie.”

“Ek probeer my eie ding doen. Natuurlik wil ek altyd graag nog hoër spring, maar my pa Johan, en my afrigter, Appel (van der Westhuizen), het my daarop gewys dat enige atleet miskien in 'n seisoen vier keer regtig goeie

15 hoogtes behaal. Die belangrikste vir my is dus om geduldig te wees.”

Volgens Du Plessis is Blanka Vlasic, die voormalige wêreldkampioen van Kroasië, haar rolmodel. "Vandat ek haar die eerste keer op televisie in aksie gesien het, fassineer Blanka my. "Ek is mal oor die manier waarop sy dinge doen en hoe sy dit regkry om konstant so goed te spring.

- 20 Du Plessis kan dalk môre op die Suid-Afrikaanse Ope-byeenkoms op Pilditch 'n groot verrassing lewer. Sy en Anika Smit, voormalige Statebondspelekampioen is albei in aksie. Smit het vroeër vanjaar op 1,90 m geslaag. Smit het Du Plessis erken dat hulle mekaar nodig het om op hoër hoogtes te slaag. "Die mededinging tussen ons gaan die beste in elkeen van ons na
- 25 vore bring," voorspel Du Plessis.

Uit: *Beeld*

- 5.1 In reël 1 is daar 'n leestekenfout. Korrigeer die fout en onderstreep die leesteken. Skryf die sin volledig neer. (½)
- 5.2 Verduidelik die geïmpliseerde betekenis van die onderstreepte frase in reël 2: "... het sy 'n ou kop op haar lyf." (1)
- 5.3 Maak gebruik van 'n metamorfeem en skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer; skryf slegs die woord:
Dit is 'n (bewys) feit dat Julia in 'n rekordhoogte oor die dwarslat geseil het. (1)
- 5.4 Dié 15-jarige atleet is van 'n Gautengse skool. Gebruik die woord skool in sy polisemiese verband in twee duidelike sinne. (1)
- 5.5 Verskaf die meervoud van Du Plessis. (1)
- 5.6 Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede:
"Die mededinging tussen ons gaan volgende jaar die beste in elkeen van ons na vore bring," voorspel Du Plessis. (1)
- 5.7 Identifiseer die hulpwerkwoord in reël 12. Skryf slegs die hulpwerkwoord neer. (½)
- 5.8 Skryf die afkorting IOK uit. (1)
- 5.9 Daar word verwag dat dié gr 10-atleet 'n verrassing op Pilditch gaan lewer. Gebruik nou die woord verassing in 'n nuwe sin. (1)

5.10 Voltooi die idioom en verklaar die betekenis daarvan:

Julia het beslis vir haar teenstanders gewys waar Dawid ...

(2)

TOTAAL: 10

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70